

S. A. Merdell
PLEASE RETURN

C. S. I. R.
W. N. N. R.

1960-61

SIXTEENTH ANNUAL REPORT

SESTIENDE JAARVERSLAG

South African Council for Scientific and Industrial Research
Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

JAARVERSLAE VAN W.N.N.R. - LABORATORIUMS

Uitvoerige verslae vir die jaar 1960/61 oor die werksaamhede van onderstaande W.N.N.R.-laboratoriums en die S.A.B.S. kan op versoek verkry word:

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.
Die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium.
Die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium.
Die Nasionale Bounavorsingsinstituut.
Die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing.
Die Nasionale Instituut vir Telekommunikasienavorsing.
Die Nasionale Voedingnavorsingsinstituut.
Die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese.
Die Nasionale Padnavorsingsinstituut.
Die Nasionale Instituut vir Waternavorsing.

Bogenoemde verslae kan op versoek verkry word van:

**Die Sirkulasiebestuurder
Inligtingsafdeling
W.N.N.R.
Posbus 395
PRETORIA
Suid-Afrika**

Uitgegee in 1961 deur die
Suid-Afrikaanse
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad
Posbus 395
PRETORIA

Teks geset in Times Roman 10 op 11 pt.

In die
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
gedruk deur
Wallachs' Drukkers en Uitgewers Mpy. Bpk.
Paul Krugerstraat 67
PRETORIA

ANNUAL REPORTS OF C.S.I.R. LABORATORIES

Detailed reports for the year 1960/61 on the activities of the following C.S.I.R. laboratories and the South African Bureau of Standards are available on request:

The South African Bureau of Standards.
The National Chemical Research Laboratory.
The National Physical Research Laboratory.
The National Building Research Institute
The National Institute for Personnel Research.
The National Institute for Telecommunications Research.
The National Nutrition Research Institute.
The National Mechanical Engineering Research Institute.
The National Institute for Road Research.
The National Institute for Water Research.

The above reports are available on request from:

**The Circulation Manager
Information Division
C.S.I.R.
P.O. Box 395
PRETORIA
South Africa**

Published in 1961 by the
South African
Council for Scientific and Industrial Research
P.O. Box 395
PRETORIA

Text set in 10 on 11 pt. Times Roman

Printed in the
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
by Wallachs' Printing & Publishing Co. Ltd.
67 Paul Kruger Street
PRETORIA

P.O. Box 395
PRETORIA
1st April 1961

Sir,

I have pleasure in presenting to you the Sixteenth Annual Report of the Council for Scientific and Industrial Research. This report covers the period from the 1st April, 1960, to the 31st March, 1961, which coincides with the end of the Council's financial year.

Balance sheets and statements of income and expenditure for the financial year ended 31st March, 1961, certified by the Controller and Auditor-General, are included.

I have the honour to be,

Sir,

Your obedient servant,

S. M. NAUDÉ

PRESIDENT: COUNCIL FOR SCIENTIFIC
AND INDUSTRIAL RESEARCH

The Hon. Dr. N. Diederichs
Minister of Economic Affairs
Paul Hof
Minnaar Street
PRETORIA

Posbus 395
PRETORIA
1 April 1961

Waarde Heer,

Met genoë lē ek die Sestiende Jaarverslag van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad aan u voor. Hierdie verslag dek die tydperk van 1 April 1960 tot 31 Maart 1961, wat met die einde van die Raad se boekjaar saamval.

Hierby gaan die balansstaat en die staat van inkomste en uitgawe vir die boekjaar geëindig 31 Maart 1961, deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal gesertifiseer.

Dienswillig die uwe,

S. M. NAUDÉ

PRESIDENT: WETENSKAPLIKE EN
NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD

Sy Edele Dr. N. Diederichs
Minister van Ekonomiese Sake
Paulhof
Minnaarstraat
PRETORIA

DIE SUID-AFRIKAANSE WETenskaplike VOLKSRaad MINISTER VAN EKONOMIESE Sake EN NYWERHEIDNAVORSINGSRAAD

PRESIDENT, W.N.N.R.

ADMINISTRATIEWE EN
TEGNIESE DIENSTE

NASIONALE NAVORSINGS-
LABORATORIUMS EN -INSTITUTE

FISIKA, CHEMIE, BOUNAVORSING, PAAIE, PER-
SONIEEL, WATER, MEGANIESE INGENIEURSWESE,
VOEDING, TELEKOMMUNIKASIES

STANDAARDISASIE

SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE

NYWERHEIDNAVORSINGS-
INSTITUTE

LEER, VIS, WOLTEKSTIEL, VERF, SUIKERFABRIKASIE

MEDIESE EN TANDHEELKUNDIGE
NAVORSING

Amebiase, Bilharzia, Nar-kosesterigevalle, Pneumokoniöse,
Virussiektes deur artropode oorgedra, Kardiopulmonale
siektes, Kardiovaskulêre pulmonale siektes, Kliniese
voeding, Degenerasiesiektetoestande, Veroudering, Tand-
heelkunde, Voeding, en Tandheelkunde, Endo-
krien, Hartnavorsing, Tering, Menslike Biochemie, Sonlig-
reakties van die vel, Biologiese uitwerking van ioniserings-
bestraling.

INLICHTING EN SPESIALE DIENSTE

BIBLIOTEEK

INLICHTING

WETenskaplike SAMEWERKING

NAVORSINGSTOEKENNINGS

ONTWIKKELING VAN NYWERHEIDNAVORSING

ONTWIKKELING VAN UITVINDINGS

BEDRYFSEKONOMIE

PROFESSIONELE LIGGAME
UNIVERSITEIT
NYWERHEID
HANDEL

ADVIESKOMITEES

STANDAARDAARAD

BEHEERAADE

KOMITEE VIR NAVORSING OP
DIE MEDIESE WETenskap

ADVIESKOMITEE

ADVIESKOMITEE VIR INTERNASIONALE
VERHOUDINGS IN DIE WETenskap

HOOFKOMITEE VIR NAVORSINGSTOE-
KENNINGS

ADVIESKOMITEE VIR ONTWIKKELING
VAN NAVORSING VIR NYWERHEID

ADVIESKOMITEE VIR ONTWIKKELING
VAN UITVINDINGS

ADVIESKOMITEE VIR BEDRYFSEKONO-
MIE

Nasionale navorsingsprogramme
Nywerheidondersteunde projekte (Kontrakte, beurse en
eenhede)

Spesifikasies
Gebruikskodes
S.A.B.S.-merkteets

Outonome liggame ondersteun deur bydraes van nywer-
heid en W.N.N.R.

Ondersteun deur W.N.N.R. en ander belanghebbende
liggame

Nasionale wetenskaplike bibliotek vir
Suid-Afrika

Redaksie, vertaling en reklame

Lidmaatskap van internasionale wetenskaporganisasies
Wetenskapsakekantore in buiteland

Senior en studentbeurse, assistentskappe en toekennings
vir nagrade navorsing aan universiteite, museums, ens.

Ontwikkeling van ko-operatiewe nywerheidnavorsings-
projekte, -eenhede, -institute

Patente, tantieme, ooreenkomste

Bedryfsekonome ondersoek van navorsingsprojekte en
die ontwikkeling van nywerheidsnavorsing

THE SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL RESEARCH

PARLIAMENT
MINISTER OF
ECONOMIC AFFAIRS
PRESIDENT, C.S.I.R.

ADMINISTRATIVE AND
TECHNICAL SERVICES

NATIONAL RESEARCH
LABORATORIES AND INSTITUTES

PHYSICS, CHEMISTRY, BUILDING, ROADS, WATER,
MECHANICAL ENGINEERING, NUTRITION, TELE-
COMMUNICATIONS, PERSONNEL

STANDARDIZATION

SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS

INDUSTRIAL RESEARCH INSTITUTES

LEATHER, FISH, WOOL TEXTILES, PAINTS, SUGAR
MILLING

MEDICAL AND DENTAL RESEARCH

Anoebiasis, Bilharzia, Anaesthetic deaths, Pneumoconiosis,
Arthropod-borne virus diseases, Cardiopulmonary
diseases, Cardiovascular pulmonary diseases, Clinical
nutrition, Degenerative diseases, Dental research, Nutri-
tion and dental research, Endocrine, Cardiac, Human
biochemistry, Sunlight reactions of skin, Biological effect
of ionizing radiation, Ageing, Tuberculosis.

INFORMATION AND SPECIAL
SERVICES

LIBRARY

INFORMATION

SCIENCE CO-OPERATION

RESEARCH GRANTS

INDUSTRIAL RESEARCH DEVELOPMENT

INVENTIONS DEVELOPMENT

INDUSTRIAL ECONOMICS

National research programmes
industrially sponsored projects
(Contracts, fellowships and units)

Specifications
Codes of practice
S.A.B.S. mark testing

Autonomous bodies sponsored by contributions from
industry and C.S.I.R.

Sponsored by C.S.I.R. and other interested bodies

National scientific library for South Africa

Editorial, translations and publicity

Membership of international scientific organizations
Overseas Scientific Liaison Offices

Senior and student bursaries, assistantships and grants
for post-graduate research at universities, museums, etc.

Development of co-operative industrial research projects,
units, institutes

Patents, royalties, agreements

Industrial economic investigations i.c.w. research projects
and the development of industrial research

PROFESSIONAL BODIES
UNIVERSITIES
INDUSTRY
COMMERCE

ADVISORY COMMITTEES

STANDARDS COUNCIL

BOARDS OF CONTROL

COMMITTEE ON RESEARCH IN
MEDICAL SCIENCES

ADVISORY COMMITTEE

ADVISORY COMMITTEE ON INTER-
NATIONAL RELATIONS IN SCIENCE

MAIN RESEARCH AWARDS COMMITTEE

ADVISORY COMMITTEE ON DEVELOP-
MENT OF RESEARCH FOR INDUSTRY

ADVISORY COMMITTEE ON DEVELOP-
MENT OF INVENTIONS

INDUSTRIAL ECONOMICS ADVISORY
COMMITTEE



C. S. I. R.
W. N. N. R.

1960-61 SIXTEENTH ANNUAL REPORT

SESTIENDE JAARVERSLAG

South African Council for Scientific and Industrial Research
Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

LEDELYS EN VERGADE- RINGS VAN DIE RAAD

Lede van die Raad op 31 Maart 1961, was:

Dr. S. M. Naudé	<i>President</i>
Dr. F. J. de Villiers	<i>Organiserende Direkteur van Nywerheidsontwikkeling, Departement van Naturellesake.</i>
Dr. P. J. du Toit	<i>Raadgewer van die President en voormalige President van die W.N.N.R.</i>
Dr. T. Alty	<i>Prinsipaal en Vise-kanselier van Rhodes-universiteit.</i>
Dr. B. Gaigher	<i>Kontroleur van In- en Uitvoer en Nywerheidsadviseur van die Departement van Handel en Nywerheid.</i>
Prof. J. Goudriaan	<i>Professor Emeritus en Hoof van die Instituut vir Bestuur en Administrasie.</i>
Mnr. F. G. Hill	<i>Tegniese Bestuurder, Rand Mines Ltd.</i>
Prof. H. O. Mönnig	<i>Besturende Direkteur, Agricura Laboratoria, Beperk, Voorsitter van die Adviserende Raad vir Wetenskaplike Beleid</i>
Prof. S. F. Oosthuizen	<i>Voorsitter, S.A. Mediese Raad.</i>
Brig. J. H. Rauch	<i>Oud-Geneesheer-generaal, Unie verdedigingsmag.</i>
Mnr. P. E. Rousseau	<i>Besturende Direkteur, S.A. Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie, Beperk.</i>
Dr. G. C. Scully	<i>Direkteur, Union Whaling Co. Ltd., en die Dundee Coal Co. Limited.</i>
Prof. W. G. Sutton	<i>Prinsipaal, Universiteit van die Witwatersrand.</i>
Dr. H. J. van Eck	<i>Voorsitter en Besturende Direkteur, Nywerheidsontwikkelingskorporasie.</i>
Dr. R. W. Wilcocks	<i>Voorsitter van die Universiteitsadviesraad en voormalige Rektor van die Universiteit van Stellenbosch.</i>
Mnr. J. E. Worsdale	<i>Voorsitter en Besturende Direkteur, White's S.A. Portland Cement Co., Limited.</i>
Sekretaris/Tesourier.	<i>Mnr. A. J. Miller-Smit.</i>

In die onderhawige tydperk is sewe Raadsvergaderings gehou.

Ledelys en Vergaderings van die Uitvoerende Komitee
Onderstaande was op 31 Maart 1961 lede van die Komitee:

Dr. S. M. Naudé (Voorsitter)
Dr. F. J. de Villiers, Dr. P. J. du Toit (met mnr. J. E. Worsdale, prof. H. O. Mönnig, prof. S. F. Oosthuizen en prof. W.G. Sutton as plaasvervangende lede sowel vir dr. de Villiers as vir dr. du Toit).

Die Uitvoerende Komitee het ses vergaderings gehou.

MEMBERSHIP AND MEET- INGS OF THE COUNCIL

Membership of the Council on 31st March 1961, was:

Dr. S. M. Naudé	<i>President.</i>
Dr. F. J. de Villiers	<i>Organizing Director of Industrial Development, Department of Native Affairs.</i>
Dr. P. J. du Toit	<i>Adviser to the President and former President of the C.S.I.R.</i>
Dr. T. Alty	<i>Principal and Vice-Chancellor of Rhodes University.</i>
Dr. B. Gaigher	<i>Controller of Imports and Exports and Industrial Adviser to the Department of Commerce and Industries.</i>
Prof. J. Goudriaan	<i>Professor Emeritus and Head of the Institute for Management and Administration.</i>
Mr. F. G. Hill	<i>Technical Manager, Rand Mines Ltd.</i>
Prof. H. O. Mönnig	<i>Managing Director, Agricura Laboratoria, Ltd., Chairman of the Advisory Council on Scientific Policy.</i>
Prof. S. F. Oosthuizen	<i>Chairman, S.A. Medical Council.</i>
Brig. J. H. Rauch	<i>Formerly Surgeon-General, Union Defence Force.</i>
Mr. P. E. Rousseau	<i>Managing Director, S.A. Coal, Oil and Gas Corporation Ltd.</i>
Dr. G. C. Scully	<i>Director, Union Whaling Co., Ltd. and the Dundee Coal Co. Ltd.</i>
Prof. W. G. Sutton	<i>Principal, University of the Witwatersrand.</i>
Dr. H. J. van Eck	<i>Chairman and Managing Director, Industrial Development Corporation.</i>
Dr. R. W. Wilcocks	<i>Chairman of the University Advisory Council and former Rector of the University of Stellenbosch.</i>
Mr. J. E. Worsdale	<i>Chairman and Managing Director, White's S.A. Portland Cement Co., Ltd.</i>
Secretary/Treasurer	<i>Mr. A. J. Miller-Smit.</i>

During the period under review seven meetings of the Council were held.

Membership and Meetings of the Executive Committee
The membership of the Committee on 31st March, 1961, was:

Dr. S. M. Naudé (Chairman).
Dr. F. J. de Villiers, Dr. P. J. du Toit (with Mr. J. E. Worsdale, Prof. H. O. Mönnig, Prof. S. F. Oosthuizen en Prof. W. G. Sutton as floating alternates to both Drs. de Villiers and du Toit).

The Executive Committee held six meetings.

INHOUDSOPGAWE

- 2 Inleiding
- 6 Wetenskaplike en tegniese inligting
- 8 Internasionale samewerking op wetenskaplike gebied
- 18 Navorsing in die nasionale navorsingslaboratoriums en -institute
- 44 Samewerking met die nywerheid
- 52 Standaardisering
- 58 Toekennings vir navorsing aan universiteite
- 60 Mediese navorsing
- vii Bylaag I: Navorsingsbeurse en assistentskappe
- xxi Bylaag II: Finansiële state

Frontispies

Hoek van die leessaal van die W.N.N.R. se biblioteek te Scientia.

CONTENTS

- 3 Introduction
- 7 Scientific and technical information
- 9 International co-operation in science
- 21 Research in the national research laboratories and institutes
- 45 Co-operation with industry
- 53 Standardization
- 59 University research grants
- 61 Medical research
- vii Appendix I: Research bursaries and assistantships
- xxi Appendix II: Financial statements

Frontispiece

A corner of the reading room in the C.S.I.R. Library at Scientia.

ALGEMENE OORSIG

INLEIDING

In sy vorige jaarverslag het die Raad die aandag gevestig op die belangrike rol wat hy verwag word om te speel in die aanmoediging van die ontwikkeling van navorsing in die nywerheid. Daar is op gewys dat die Raad hom gedurende die eerste vyftien jaar van sy bestaan hoofsaaklik besig gehou het met die opbou van 'n organisasie om in die mees in die oog lopende behoeftes te voorsien, en dat daar reeds tekens was dat hy nou eindelik in staat is om aan die basiese vereistes te voldoen. 'n Begin is tans gemaak met 'n hersiening van alle aspekte van die Raad se beleid en werksaamhede, ten einde te verseker dat die beste gebruik van bestaande hulpbronne gemaak word, en om leemtes in die bestek van die Raad se navorsingsprogram met betrekking tot die behoeftes van die nywerheid, asook op gebiede van breëre landsbelang, te vul.

Finansies

Die finansiële beperkings waarna in die vorige verslag verwys is, is nog steeds die remskoen in die Raad se huidige taak van interne reorganisasie. Hoewel besef word dat die nuttige besteding van die bedrag vir navorsing opsy gesit, op die oomblik hoofsaaklik gestrem word deur 'n gebrek aan die nodige opgeleide personeel, het die strenge toepassing van 'n vooropgestelde beperking aanleiding tot baie werklike moeilikhede gegee.

Die noodsaak vir die ontwikkeling van navorsing in die een of ander nuwe rigting ontstaan gewoonlik as gevolg van 'n dringende behoefte, en indien sulke navorsing nie op 'n afdoende skaal aangepak kan word nie, as die Raad noodgedwonge die fondse daarvoor van 'n ander program moet afknyp of fondse moet aflei uit meer as een program of projek, het dit beslis 'n frustrerende uitwerking op die personeel. Die bande waaraan die Raad gelê is, het hom in sy werk gedwarsboom en tot die verlies van sleutelende uit navorsingspanne gelei. Derhalwe het die Raad verskillende finansiële werkwyse ondersoek in 'n poging om 'n manier te vind om die soepelheid te bewerkstellig wat onontbeerlik vir die geslaagde funksionering van 'n navorsingsliggaam is. Die opgelegde beperkings was veral misplaas vir 'n Raad wat faktore in aanmerking moet neem soos die betreklik snelle tempo van salarisverhoging van 'n jong personeel, die koste aan die betrekking van 'n nuwe perseel verbonde en die toenemende verpligtings op nuwe of ontwikkelende terreine.

Buiten en behalwe hierdie finansiële beperkings, het die geleidelike oplegging van beperkende maatreëls waarmee die administratiewe werksaamhede van 'n Staatsdiens gewoonlik gepaard gaan, daartoe gelei dat die Raad beroof is van die soepelheid wat dit die bedoeling was om hom te verleen deur hom in te stel as 'n liggaam met regs persoonlikheid buite die Staatsdiens.

GENERAL REVIEW

INTRODUCTION

In its last Annual Report, the Council drew attention to the important role it is called upon to play in stimulating the development of research in industry. It was pointed out that, for the first fifteen years of its existence, the Council had been concerned primarily with building up an organization to meet the most obvious needs and that there were indications that it is at last in a position to meet basic requirements. A start has now been made with reviewing all aspects of the Council's policy and operations, in order to ensure that existing resources are being used most effectively, and to reveal any gaps in the coverage of the Council's research programme in relation to the needs of industry, as well as in fields of broader national interest.

The financial restrictions referred to in the last report have continued to hamper the Council in its present task of internal reorganization. While it is recognized that the amount which could be spent usefully on research is at present limited mainly by the availability of the necessary trained personnel, the rigid application of a predetermined limit has given rise to very real difficulties.

Finance

A need for the development of research in some new direction usually arises as a matter of urgency, and if this research cannot be undertaken on an adequate scale, if the Council is compelled to switch funds from some other programme or to draw off funds from a number of programmes and projects, the effect on the staff is most frustrating. The conditions imposed on the Council have hampered its work and resulted in the loss of key members from research teams. The Council has therefore examined various financial procedures in an attempt to find one which will make possible the flexibility that is essential for successful functioning in a research organization. In particular, the restrictions imposed have been inappropriate for a Council which must take into account factors such as the relatively high rate of salary increment of a young staff, the cost of occupying new premises, and expanding commitments in new or developing fields.

In addition to these financial restrictions, the gradual imposition of restrictive measures normally associated with Civil Service administrative procedures, has tended to deprive the Council of the flexibility which establishment as a corporate body outside the Civil Service was intended to provide.

It is a pleasure to record that, as a result of representations to the Treasury, the following special additional grants were made available:—

- £30,000 for the support of research at the universities, of which £10,000 is for medical research;
- £32,250 (over three years) for participation in the International Indian

Met genoeg kan vermeld word dat as gevolg van verhoë tot die Tesourie gerig, onderstaande addisionele toekennings beskikbaar geword het:

£30,000 ter ondersteuning van navorsing aan die universiteite, waarvan £10,000 vir mediese navorsing bestem is;

£32,250 (oor 'n tydperk van drie jaar) vir deelname aan die Internasionale Ekspedisie na die Indiese Oseaan 1962/63 (hoofsaaklik bestem vir navorsers aan universiteite en museums), en

£15,000 vir die S.A. Wolteksieltnavorsingsinstituut aan die Universiteit Rhodes te Grahamstad.

Bouprogram

Teen Maart 1960 het die oprigting van die verskillende laboratoriums en geboue wat deel vorm van die W.N.N.R. se bouprogram—waarmee in 1952 'n begin gemaak is—die stadium bereik waarin die volgende afdelings in geboue te Scientia, Pretoria, gehuisves is: Bou-, Fisiese, Chemiese, Water- en Voedingnavorsing; Administrasie, Biblioteek en Tegnieke Dienste. Die Nasionale Instituut vir Telekommunikasienavorsing was ook klaar gebou en voorsiening vir streeklaboratoriums is in Durban en Kaapstad gemaak.

Gedurende die jaar is die Prosesontwikkelingslaboratorium van die Nasionale Chemiese Navorsingsinstituut voltooi, en is addisionele noodsaaklike terreindienste soos water- en kragleidings en paaie (met inbegrip van dergelike dienste vir die S.A.B.S.-geboue) te Scientia, Pretoria, aangelê. Die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing het sy nuwe gebou in Johannesburg betrek.

Daar is 'n begin gemaak met die bou van die Termodinamika- en die Hidromeganikalaboratorium van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiëse Ingenieurswese—laasgenoemde laboratorium is reeds ver gevorder. Die planne vir die Hooflaboratorium en die Lugmeganikalaboratorium van hierdie Instituut nader voltooiing.

Die voorbereidende ondersoek in verband met die behoeftes van die Nasionale Instituut vir Padnavorsing het 'n aanvang geneem.

Die planne vir die S.A.B.S.-geboue het 'n gevorderde stadium bereik. Die gebou vir die ondersoek van ontploffingsgevaar en die vernaamste subkragstasie is klaar en 'n begin is gemaak met die vyf vernaamste laboratoriums. Alle werk in verband met die S.A.B.S.-geboue is egter tydelik opgeskort.

Die geboue wat reeds op die Scientia-terrein verrys het, gee 'n beeld wat gunstige kommentaar uitgelok het, nie alleen plaaslik nie, maar ook van 'n groot aantal belangrike besoekers uit die buiteland.

Net soos by ander navorsingsorganisasies in Suid-Afrika, en inderdaad in die meeste dele van die wêreld, word daar aanhoudend moeilikheid ondervind by die werwing en die behoud van die dienste van wetenskaplikes met die nodige opleiding en bekwaamheid vir gevorderde navorsing.

Ocean Expedition 1962/63 (which will go mainly to workers at universities and museums), and
£15,000 for the S.A. Wool Textile Research Institute at Rhodes University, Grahamstown.

By March 1960, erection of the various laboratories and buildings envisaged in the C.S.I.R.'s building programme—which commenced in 1952—had reached the stage where the following branches were accommodated in buildings at Scientia, Pretoria:— Building, Physical, Chemical, Water, and Nutrition Research; Administration, Library, and Technical Services. The National Institute for Telecommunications Research in Johannesburg had also been completed and regional laboratories provided at Durban and Cape Town.

Building
programme

During the year the Process Development Laboratory of the National Chemical Research Laboratory, and additional essential site services such as water, power, and roads (including similar services for the S.A.B.S. buildings) were completed at Scientia, Pretoria. The National Institute for Personnel Research occupied its new building in Johannesburg.

Erection of the Thermodynamics and Hydromechanics Laboratories of the Mechanical Engineering Research Institute was commenced, the latter having reached an advanced stage. The planning of the Main Laboratory and the Aerodynamics Laboratory of this Institute is nearing completion.

A start was made with the preliminary investigation into the requirements for the National Institute for Road Research.

The planning of the S.A.B.S. buildings reached an advanced stage. The Explosive Hazards Building and the main power sub-station were completed, and the first of the five major laboratories was commenced. All work connected with the S.A.B.S. buildings was, however, temporarily suspended.

At the stage now reached, the buildings at Scientia provide a picture which has drawn favourable comment, not only locally, but from many important visitors from abroad.

In common with other research organizations in South Africa, and indeed in most other parts of the world, difficulties continue to be encountered in recruiting and retaining the services of scientists with the necessary training and ability for advanced research.

Staff

These difficulties are accentuated in South Africa by salaries which are lower than those paid to scientists in other countries. Combined with the general misapprehension concerning recent political events in Africa and the disabilities associated with isolation from the great centres of learning, this has made it virtually impossible to recruit scientists of the required standard from overseas.

Steps which have been taken to remedy the shortage of scientists in South Africa include recommendations to the Government for increased support for the training of research workers at universities; the initiation of discussions with the universities with a view to improving the effectiveness of the Council's

Hierdie soort moeilikheid word in Suid-Afrika vererger deurdat die salarisse hier te lande aan wetenskaplikes betaal laer is as in ander lande. Hierdie feit, tesame met die algemene wanbegrip van onlangse politieke gebeurtenisse in Afrika en die euwels waarmee afsondering van die bekende sentrums van geleerdheid gepaard gaan, het dit so te sê onmoontlik gemaak om wetenskaplikes van die vereiste standaard in die buiteland te werf.

Die stappe wat gedoen is om die tekort aan wetenskaplikes in Suid-Afrika te verhelp, het o.a. die volgende ingesluit: aanbevelings by die Regering vir groter ondersteuning vir die opleiding van navorsingswerkers aan universiteite; die aanvoring van besprekings met die universiteite met die oog op verbetering van die Raad se skema vir nagraadse navorsingstoekennings; die instelling van voorgraadse beurse in 1959; en 'n ondersoek i.v.m. die salarisstruktuur vir wetenskaplikes in verhouding tot besoldigings in ander beroepe. In noue verband met hierdie probleem staan die hele vraagstuk van die wetenskap-onderrig op skole en die tekort aan wetenskaponderwysers, wat ook in die vorige Jaarverslag vermeld is.

Op administratiewe terrein het die Raad opdrag aan die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing gegee om 'n poswaarderingsoopname binne die W.N.N.R.-organisasie te doen. Soos verwag kon word, het 'n aantal unieke probleme hul voorgedoen aangesien die organisasie van 'n wetenskaplike navorsingsliggaam eise stel wat nêrens anders in hierdie beroepsgroep aangetref word nie. 'n Aanvoorsonderzoek is voltooi waarby die eienskappe omskryf is waarvolgens take gewaardeer kan word.

In die Departement Tegniese Dienste bly dit moeilik om behoorlik gekwalifiseerde ambagsmanne te vind van die standaard wat noodwendig deur die Raad se Sentrale werkplase gestel moet word. Hierdie toestand is nog 'n bewys van hoe belangrik dit is om vakleerlinge op te lei. Die opleiding van wetenskapinstrumentmakers in die werkplase is met sukses voortgesit en daar is bevind dat leerlinge wat op hierdie manier opgelei word baie gunstig vergelyk met instrumentmakers uit die buiteland.

Organisering van navorsingswerk

In die vorige jaarverslag is melding gemaak van die moeilikhede wat hul voordoen by die pogings om doeltreffende samewerking met ander staats-organisasies wat ook navorsing doen, te bewerkstellig. Hierdie moeilikhede ontstaan ten gevolge van die nogal lukraak ontwikkeling van navorsing onder verskillende administratiewe staatsliggame gedurende die afgelope 50 jaar, en is onvermydelik by gebrek aan 'n algemene navorsingsbeleid van die Regering.

WETENSKAPLIKE EN TEGNIESE INLIGTING

Die Raad het 'n Advieskomitee vir Dokumentasie aangestel om hom behulpsaam te wees om sy pligte op die gebied van wetenskaplike en tegniese dokumentasie te vervul deur bemiddeling van sy Biblioteek- en Inligtingsafdelings. Hierdie komitee het gedurende die jaar twee maal vergader.

Die Biblioteekafdeling is reeds 'n paar jaar besig met die hersiening van die *Katalogus van Unie-tydskrifte*, Deel I: *Wetenskap en Tegnologie*. Hierdie katalogus is 'n lys van al die tydskrifte of vervolgpublikasies wat ontvang word

Post-graduate Research Grants Scheme; the introduction of pre-graduate bursaries in 1959; and an investigation into the structure of scientists' salaries in relation to remuneration in other walks of life. Coupled with this problem is the whole question of the teaching of science at schools and the shortage of science teachers, to which reference was made in the last Annual Report.

In the administrative sphere, the Council has arranged for the National Institute for Personnel Research to undertake an evaluation of posts within the C.S.I.R. organization. As was to be expected, a number of unique problems have been encountered, since the running of a scientific research organization makes demands which are not found elsewhere in this occupational category. A pilot study has been completed which defines the qualities on which the jobs can be evaluated.

In the Technical Services Department, it remains difficult to find suitably qualified artisans measuring up to the standards which must of necessity be set by the Council's Central Workshops. This situation has further emphasized the importance of apprentice training. The training of scientific instrument-makers in the Workshops has continued successfully and it has been found that those trained in this way compare very favourably with instrument-makers from overseas.

In the last Annual Report, reference was made to difficulties which are encountered in achieving effective co-operation with other Government organizations responsible for research. These difficulties arise as a result of the rather haphazard development of research under different administrative agencies of the Government during the past 50 years, and are inevitable in the absence of an overall Government research policy.

Organization
of research

This problem has been discussed with the Government, and it is believed that there is now a clearer understanding of the stumbling blocks in the way of more effective deployment of the country's scientific resources in the national interest.

SCIENTIFIC AND TECHNICAL INFORMATION

The Council has appointed an Advisory Committee on Documentation to assist it in discharging its responsibilities in the fields of scientific and technical documentation through its Library and Information Divisions. This committee met twice during the year.

For some years the Library Division has been engaged on the revision of the *Catalogue of Union Periodicals: Volume 1. Science and Technology*. This is a list of all the periodicals or serial publications received by 136 co-operating South African libraries, among which are included many scientific and technical libraries of industrial firms. It is essentially a finding list, through which scientists and research workers can locate a particular volume, part, or set of a journal.

deur 136 samewerkende Suid-Afrikaanse biblioteke, waaronder baie wetenskaplike en tegniese biblioteke van nywerheidsfirmas. Dit is hoofsaaklik 'n treflys met behulp waarvan wetenskaplikes en navorsers 'n bepaalde deel of stel van 'n tydskrif kan opspoor.

Op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gaan die Wetenskaplike en Tegnologiese deel verbind word met die tweelingdeel oor die humaniora, wat deur mej. E. Hartmann by die Universiteit van Suid-Afrika geredigeer word, gesteun deur 'n toekening van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. Daar is besluit dat die naam verander behoort te word in *Tydskrifte in Suid-Afrikaanse Biblioteke*. Dit word lettersgewys in die vorm van los blaaie uitgegee; sodra 'n letter klaar is, word hy gepubliseer. Wanneer die hele alfabet deurgewerk is sal die hersiening en aanvulling van elke letterseksie hopelik voortgesit kan word.

Daar is goed gevorder met die samestelling van 'n *Gids vir Wetenskaplike Hulbronne in Suid-Afrika*. Hierdie gids word in die vorm van los blaaie uitgegee, en elke blad word hersien na gelang dit nodig is. Die eerste vier seksies word in onderstaande volgorde gepubliseer:

Wetenskaplike navorsingsorganisasies in Suid-Afrika.

Wetenskaplike en tegniese verenigings in Suid-Afrika.

Wetenskaplike en tegniese tydskrifte in Suid-Afrika uitgegee.

Bronnegids vir wetenskaplike, tegniese en mediese inligting in Suid-Afrikaanse biblioteke.

Die dokumentasie van wetenskappe en tegnologie het oor die hele wêreld agteruit gegaan gedurende die afgelope tien jaar, hoofsaaklik weens die enorme toename in navorsingswerk. Daar word gesê dat 90% van die wetenskaplikes wat ooit geleef het, vandag nog in lewe is. Tradisionele dokumentasiestelsels het onvoldoende geblyk vir die eise van hierdie staat van sake, en die behoefte aan positiewe maatreëls om die toestand sowel op nasionale as internasionale peil te verbeter, word steeds dringender.

Die publikasie van die resultate van navorsing in Suid-Afrika het onder die soeklig gekom op 'n konferensie wat op 2 en 3 Februarie by die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria gehou is onder die gesamentlike beskerming van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die W.N.N.R. Ongeveer 177 afgevaardigdes, wat 133 organisasies verteenwoordig het, het probleme bespreek waarmee die uitgewers en gebruikers van wetenskaplike en tegniese inligting te kampe het. Die konferensie het die benoeming van 'n voortsettingskomitee aanbeveel om die reëlingsliggame van die konferensie behulpsaam te wees by hul bestudering van die implikasies van die verskillende aanbevelings, in oorleg met belanghebbende organisasies. Die reëlingsliggame is versoek om 'n tweede konferensie te belê alvorens finale aanbevelings aan die regering voorgelê word.

INTERNASIONALE SAMEWERKING OP WETENSKAPLIKE GEBIED

Internasionale samewerking op wetenskaplike gebied was altyd meer samewerking tussen individuele wetenskaplikes as tussen nasies. Wetenskaplikes het, al praat hulle verskillende tale, op gemeenskaplike terrein beweeg, en hulle het self organisasies gestig om regstreekse kontak en samewerking tussen individuele wetenskaplikes te vergemaklik. Die vernaamste onder hierdie liggame was die internasionale wetenskaplike verenigings wat hulle tot 'n

On the recommendation of the South African Library Association, the Science and Technology volume is to be combined with the twin volume on the humanities, which is being edited by Miss E. Hartmann at the University of South Africa under a grant from the National Council for Social Research. It has been decided that the title should be altered to *Periodicals in South African Libraries*. It will be issued progressively in loose-leaf format, each letter being issued when completed. Upon completion of the whole alphabet, it is hoped to continue the revision and enlargement of each letter section.

Good progress has been made with the compilation of a *Directory of Scientific Resources in South Africa*. This directory is being issued in loose-leaf format and each sheet will be revised when necessary. The first four sections are being published in the following order:

Scientific research organizations in South Africa.

Scientific and technical societies in South Africa.

Scientific and technical periodicals published in South Africa.

Guide to sources of scientific, technical and medical information in South African libraries.

The documentation of science and technology throughout the world has deteriorated during the past ten years, mainly as a result of the vast increase in research. It has been stated that 90% of the scientists who have ever lived are alive at the present time. Traditional systems of documentation have proved inadequate for the demands of this situation, and the need for positive steps to improve the position, at both the national and the international level, becomes increasingly urgent.

The publication of the results of research in South Africa was reviewed at a conference held on 2nd and 3rd February at the University of South Africa, Pretoria, under the joint auspices of the Department of Education, Arts and Science and the C.S.I.R. Some 177 delegates, representing 133 organizations, examined problems confronting the publishers and users of scientific and technical information. The conference recommended the appointment of a continuation committee, to assist the sponsors of the conference in studying the implications of the various recommendations, in consultation with interested organizations. The sponsors were requested to call a second conference before finally submitting recommendations to the Government.

INTERNATIONAL CO-OPERATION IN SCIENCE

Traditionally, international co-operation in science has been between individual scientists rather than between nations. Scientists, although they may speak different languages, have met on common ground and the scientists have themselves developed organizations for facilitating direct contact and co-operation between individual scientists. Most important of these are the international scientific unions which themselves form a federal union under the International Council of Scientific Unions (I.C.S.U.).

In recent years, however, science has become of increasing interest to Governments, because of the increasing extent to which science is being systematically applied by industries and by governments to the solution of practical

federale unie verenig het, onder die Internasionale Raad van Wetenskaplike Unies (I.C.S.U.).

Sedert 'n paar jaar het die wetenskap egter van groter belang vir regerings geword weens die toenemende mate waarin die verskillende wetenskappe deur die nywerheid en regerings stelselmatig toegepas word om praktiese probleme op te los. Namate toegepaste wetenskappe en derhalwe ook die suiwer wetenskappe waarop hulle berus, van groter belang vir die staatshuishoudkunde geword het, is hulle teen wil en dank in die nasionale en internasionale politiek ingesleep. Tegnologiese prestasie is vandag 'n belangrike faktor in nasionale prestige, en tegniese samewerking van regerings speel 'n al hoe vernamer rol in internasionale diplomatie.

Die Raad het hom derhalwe geroepe gevoel om 'n kanaal te verskaf waarlangs wetenskaplikes 'n effektiewe rol kan speel deur die regering raad te gee i.v.m. wetenskaplike aangeleenthede wat in verband staan met sy betrekkinge met ander regerings, en terselfdertyd deur die tradisionele regstreekse kontak met wetenskaplikes in ander lande i.v.m. sake van suiwer wetenskaplike belang te vergemaklik. 'n Nuwe denkwysie was nodig om die regte benadering van hierdie dubbele verantwoordelikheid te vind, en dit is met genoeg dat melding gemaak kan word van die wedersydse begrip waardeur die Raad se noue en hartlike betrekkinge met die Departement Buitelandse Sake gekenmerk word.

Advieskomitee

Lidmaatskap van die I.C.S.U. en sy samestellende verenigings, asook van internasionale wetenskaplike liggame, word deur die Raad versorg met die hulp van 'n Advieskomitee, en 'n Afdeling vir Internasionale Samewerking op Wetenskaplike gebied. Dit bring nie alleen die verspreiding van inligtings van hierdie internasionale liggame afkomstig, mee nie, maar ook die organisering van die deelname van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes aan hul werksaamhede. Met betrekking tot hierdie en verwante aangeleenthede kan die Raad met genoeg meld dat die samewerking van staats- en ander navorsingsorganisasies dit vir Suid-Afrikaanse wetenskaplikes moontlik gemaak het om 'n wesenlike rol te speel in die internasionale wetenskaplike werksaamhede waarin hulle besondere belang het, hetsy weens Suid-Afrika se geografiese ligging, of hul eie belange, bekwaamhede en prestasies. Deur dieselfde bemiddeling kan die Raad die regering help deur raadpleging van wetenskaplikes en koördinerende van hul sienswyses omtrent die wetenskaplike en tegniese aspekte van aangeleenthede van hoofsaaklik politieke belang, asook omtrent sake wat voortspruit uit ons regering se lidmaatskap van internasionale liggame onder beskerming van ander regerings, in die lewe geroep.

Internasionale Raad van Wetenskaplike Unies

Die Advieskomitee i.s. Internasionale Wetenskaplike Samewerking wat in Februarie 1960 vir die eerste maal byeengekom het, het gedurende die jaar twee vergaderings gehou. Hierdie komitee wat erken is as die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee van die Internasionale Raad van Wetenskaplike Unies (I.C.S.U.) het die lidmaatskap nagegaan van die nasionale komitees van die konstituerende internasionale wetenskaplike unies waaraan die W.N.N.R. namens Suid-Afrika behoort.

Internasionale Geofisiese Samewerking

Voortspruitende uit die Internasionale Geofisiese Jaar (I.G.Y.) 1957-58, wat onder beskerming van die I.C.S.U. georganiseer is, is vier komitees in die

problems. As applied science and thus the pure science on which it depends have become of increasing importance to national economies, they have inevitably been drawn into national and international politics. Technological achievement is today an important factor in national prestige, and technical co-operation between governments is playing an increasingly important role in international diplomacy.

The Council has thus found itself called upon to provide a channel through which scientists can play an effective role in advising the Government on scientific matters affecting its relations with other Governments and, at the same time, in facilitating the traditional direct contacts with scientists in other countries on matters of purely scientific interest. New thinking has been required in developing the right approach to these dual responsibilities, and it is a pleasure to record the mutual understanding which is a feature of the Council's close and cordial relationships with the Department of External Affairs.

Membership of I.C.S.U. and its constituent unions, as well as of other international scientific bodies, is a responsibility which the Council discharges with the assistance of an Advisory Committee and a Division of International Scientific Co-operation. This entails not only the dissemination of information from these international bodies but organization of the participation of South African scientists in their activities. In these and related matters the Council is glad to be able to record that the co-operation of government and other research organizations has made it possible for South African scientists to play an effective part in those international scientific activities in which they have a special interest, whether by reason of South Africa's geographical situation or their own interests, abilities and achievements. Through the same agency the Council is able to assist the Government by consulting and co-ordinating the views of scientists on scientific and technical aspects of matters of mainly political content, as well as on questions arising out of the Government's membership of international agencies set up under government auspices.

Advisory
Committee

The Advisory Committee on International Scientific Co-operation which met for the first time in February, 1960, had two meetings during the year. This Committee, which was recognized as the South African National Committee of the International Council of Scientific Unions (I.C.S.U.), reviewed the membership of the national committees of the constituent international scientific unions to which the C.S.I.R. adheres on behalf of South Africa.

International
Council of
Scientific Unions

Arising out of the International Geophysical Year (I.G.Y.) 1957/58, which was organized under the auspices of I.C.S.U., four committees were set up to carry forward work initiated during the IGY. These are the International Geophysics Committee (CIG), the Special Committee for Antarctic Research (SCAR), the Special Committee for Oceanographic Research (SCOR) and the Special Committee for Space Research (COSPAR).

International
Geophysical
Co-operation

lewe geroep om voort te gaan met die werk waarmee gedurende die I.G.Y. 'n begin gemaak is. Hulle is die Internasionale Komitee vir Geofisika (C.I.G.), Die Spesiale Komitee vir Suidpoolnavorsing (S.C.A.R.), die Spesiale Komitee vir Oseanografiese Navorsing (S.C.O.R.) en die Spesiale Komitee vir Ruimte-navorsing (C.O.S.P.A.R.).

Suidpoolnavorsing

Suid-Afrika se deelname aan Suidpoolnavorsing het 'n belangrike punt bereik met die besetting van die Noorse basis aan die Suidpool (volgens 'n ooreenkoms met die regering van Noorweë) deur 'n ekspedisie onder leiding van mnr. J. J. la Grange van die Weerburo in Januarie 1960. Die verantwoordelikheid vir Suidpoolwerkzaamhede berus by die Departement van Vervoer. Die Departement het toe die Suid-Afrikaanse Nasionale Suidpoolnavorsingskomitee (S.A.N.C.A.R.) in die lewe geroep onder voorsitterskap van mnr. M. P. van Rooy, Direkteur van die Weerburo, en 'n Wetenskaplike Advieskomitee benoem met dr. W. S. Rapson, Vise-president van die W.N.N.R., as voorsitter, om hom met die vervulling van hierdie pligte te help. Die sekretariaat van hierdie wetenskaplike advieskomitee wat aanbevelings aan S.A.N.C.A.R. moet doen vir sy wetenskaplike navorsingsprogramme, word waargeneem deur W.N.N.R. se Afdeling vir Internasionale Samewerking op Wetenskaplike Gebied. Die komitee het in Januarie 1961 sy eerste vergadering gehou, en alles dui daarop dat hierdie nuwe reëling waarskynlik 'n doeltreffende middel sal vorm om die deelname van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes aan Suidpoolnavorsing te organiseer.

Internasionale Ekspedisie na die Indiese Oseaan 1962/63

Op advies van sy Nasionale Koördineringskomitee i.v.m. Oseanografiese Navorsing, het die Raad sterk by die Regering aanbeveel dat 'n bedrag van £32,250 beskikbaar gestel behoort te word om Suid-Afrikaanse wetenskaplikes in staat te stel om daadwerklik deel te neem aan die Internasionale Ekspedisie na die Indiese Oseaan 1962/63 wat onder beskerming van S.C.O.R. georganiseer word. Die grootste deel van hierdie fondse sal na universiteite en dergelike inrigtings gaan vir navorsing wat van direkte belang vir Suid-Afrika is en wat terselfdertyd 'n bydrae sal vorm tot die groot internasionale onderneming (waaraan 16 nasies deelneem) om die oseanografie van die Indiese oseaan beter te leer ken.

Ruimteverkenning- en satelliet- waarnemingspos

The scope of research being carried out for the Chamber of Mines into the airflow resistance of mine shafts has been expanded to co-ordinate investigations in three directions, namely, the study of airflow resistance due to structures in ventilation mine shafts, the study of stresses in mine shaft steel work caused by the hoisting of conveyances in the shaft, and study of the possible use of rope-guided conveyances in very deep shafts. In the last project, correlation tests were commenced to compare behaviour in a full scale rope guide installation with behaviour in tests carried out on a scale model in a vertical wind tunnel.

Mine shaft structures

begin gemaak met korrelasietoetse om die gedrag van 'n volskaalse leitou-installasie te vergelyk met die gedrag tydens toetse op 'n skaalmodel in 'n vertikale windtonnel.

Afskuring van
pompe

Daar is goed gevorder met verskillende probleme wat in verband staan met die verwydering van enorme hoeveelhede troebel water uit diep goudmyne. Metodes vir die goedkoop maar doeltreffende verwydering van skadelike hoeveelhede vaste deeltjies in die water is verder ondersoek, en die optimum ontwerp vir 'n doeltreffende besinker is bepaal. Die ondersoekings is uitgebrei tot metodes vir die verwydering van die water uit die modder wat uit die besinker uitkom. Vaste deeltjies in suspensie in die water laat pompe en dergelike toerusting gou slyt. Derhalwe is verdere toetse uitgevoer om die invloed te bepaal wat die grootte van gesuspendeerde deeltjies op die slytasietempo van pompe het, en om gegewens te versamel oor die optimum graad van besinking wat nodig is voor die water gepomp word.

Hidromeganika

Twee groot projekte op die gebied van ingenieurswerk in kusgebiede is aangepak. Die eerste projek staan in verband met die riviermondingsprobleem by St. Lucia. Daar is 'n begin gemaak met die bou van 'n hidrouliese model van die riviermonding om te probeer om 'n praktiese metode te ontdek om 'n kanaal van die St. Luciameer na die see altyd oop te hou. Die werk word deur die Natalse Provinsiale Administrasie ondersteun. Die ander projek bring die konstruksie van 'n hidrouliese model van die Durbanse kusgebied mee waarop toetse uitgevoer sal word in 'n poging om 'n oplossing te vind vir Durban se strandwegspoeling- en hawetoeslikingsprobleem. Hierdie werk word gesamentlik deur die S.A. Spoorweë en die Durbanse stadsraad ondersteun.

Telekommunikasie
Tellurometer

Samewerking met Tellurometer (Eds.) Bpk. het voortgeduur in verband met die ontwikkeling van radio-instrumente vir landmeting en die noukeurige bepaling van posisies. Die geodetiese instrument wat in Kaapstad vervaardig is, was die eerste toepassing van die beginsels wat deur die Nasionale Instituut vir Telekommunikasieavorsing uitgewerk is. Dit word nou oorsee op verskillende gebiede vir direkte lynmeting gebruik. Meer onlangs is nuwe toepassings vir hierdie beginsels gevind in die vorm van instrumente in die lug en in die see, onderskeidelik Aerodist en Hydrodist genoem. Met die Aerodist kan afstande noukeurig gemeet word binne meetgebiede van meer as 100 myl, en gedurende onlangse proefnemings in die Verenigde Koninkryk kon die noukeurigheid van die stelsel nie behoorlik beoordeel word nie aangesien die noukeurigheid van die bestaande trigonometriese inligting onvoldoende vir die doel was. Die Hydrodist word hoofsaaklik vir hidrografiese opmetings gebruik. Dit is ook tydens oorsese proefnemings met bevredigende resultate beoordeel. Die gedetailleerde ingenieurswerk van hierdie twee stelsels was die verantwoordelikheid van die vervaardigers, maar die Instituut het 'n taamlike rol in die beginstadium gespeel. Hierdie nuwe toepassings en die ontwikkeling van 'n noukeurige stelsel van radioposisievasstelling toon hoe 'n basiese uitvinding ontwikkel kan word ten voordele van die elektronikanywerheid in Suid-Afrika.

Boukundige en
konstruksie-
ingenieurswese
Agteruitgang van
sement en beton

Met die oog op die groot ekonomiese belang van agteruitgang van beton en ander sementprodukte, is heelwat moeite gedoen om hierdie probleem te ondersoek.

Good progress was made in various problems associated with the removal of vast quantities of turbid water from deep gold mines. Methods for cheap but effective removal of detrimental quantities of solid particles in the water were investigated further, and the optimum design for an efficient settler was determined. Investigations were extended into methods of dewatering the sludge that is withdrawn from the settler. Solid particles suspended in the water lead to rapid wear of pumps and associated equipment. Further tests were therefore carried out to determine the influence of size of suspended particles on the wear rates of pumps, and to obtain data on the optimum degree of settling required before the water is pumped.

Abrasion of pumps

Two major projects in the field of coastal engineering have been commenced. The first project concerns the estuary problem at St. Lucia. Construction of a hydraulic model of the estuary was begun, to find a practical method of maintaining a permanently open channel from lake St. Lucia to the sea. The work is sponsored by the Natal Provincial Administration. The other project entails construction of a hydraulic model of the Durban coastal area, on which tests will be carried out to find a solution to the beach erosion and harbour siltation problem at Durban. This work is sponsored jointly by the S.A. Railways and the City Council of Durban.

Hydromechanics

Co-operation has continued with Tellurometer (Pty.) Limited in the development of radio instruments for survey and precise position fixing. The geodetic instrument manufactured in Cape Town was the first application of the principles developed in the National Institute for Telecommunications Research. It is now used overseas for direct line measurement in a wide variety of roles. More recently new applications for these principles have been found in the form of air and sea borne instruments known as Aerodist and Hydrodist respectively. Aerodist offers the possibility of accurate distance measurements at ranges in excess of 100 miles, and in the course of recent trials in the United Kingdom the accuracy of the system could not be fully assessed as the accuracy of existing trigonometrical information was inadequate for the purpose. Hydrodist finds its applications mainly in hydrographic survey. It also has been assessed in overseas trials with satisfactory results. The detailed engineering of these two systems was the responsibility of the manufacturers, but the Institute played a considerable part in the initial stages. These new applications and the development of a precise system of radio position fixing illustrate how a basic invention can be developed to the benefit of the electronics industry in South Africa.

Telecommunications
Tellurometer

In view of the great economic importance of deterioration of concrete and other cement products, considerable effort has been directed to the study of this problem.

Building and
Structural
Engineering
Deterioration of
cement and
concrete

Studies of the corrosion of reinforcing steel in concrete have enabled the National Building Research Institute to make certain recommendations for dealing effectively with this problem, and further investigations aimed at even

Bestudering van die verroesting van wapeningstaal in beton het die Nasionale Bounavorsingsinstituut in staat gestel om sekere aanbevelings te doen aangaande die doeltreffende hantering van hierdie probleem, en ondersoekings om die vraagstuk selfs nog beter die hoof te bied is aan die gang. Verskeie belangrike ondersteunde ondersoekings vir openbare owerhede is op hierdie gebied uitgevoer.

Die aantasting van beton en mortelsoorte deur aggressiewe stowwe soos sagtewater, en sulfate in die water of die grond, is deeglik ondersoek en aanbevelings om sodanige aantasting te verminder of te bestry is na aanleiding van talryke navrae gedoen. 'n Verhandeling oor hierdie werk is aan die vierde Internasionale Simposium oor die Chemiese Aspek van Sement voorgelê.

Huise vir
kleurlinge

Werk i.v.m. behuising is vanjaar toegespits op die spesiale probleem van huise vir kleurlinggemeenskappe en vir bejaarde blankes. Hierdie werk word deur die Nasionale Behuisingskommissie ondersteun. 'n Uitgebreide sosio-ekonomiese opname om die behuisingsvereistes van kleurlinge te bepaal, is deur die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing in sekere gebiede van die Westelike Kaapprovinsie gedoen. Met behulp van die gegewens deur hulle versamel, het die Nasionale Bounavorsingsinstituut 'n aantal planne vir huise ontwerp wat aan alle belangrike vereistes sal voldoen teen die laags moontlike prys. 'n Begin is met die bou van 'n aantal proefhuise gemaak om die deugdelikheid van die planne te toets, en ook om die uitvoerbaarheid van moontlike konstruksietipes, veral wat mure, vloere en plafonne betref, te bepaal. Hand aan hand met hierdie werk is hulp aan verskeie munisipaliteite verleen by die aanleg en ontwerp van dringend benodigde behuisingskemas vir kleurlinge.

Hospitaalnavorsing

Navorsing i.v.m. die ontwerp van hospitaalgeboue, ondersteun deur die vier Provinsiale Administrasies en die Departement van Gesondheid, het o.a. spesiale bestudering van sentrale steriele toevoer, sentrale babavoeding, die röntgendepartement en operasiesale omvat.

Die oorspronklike plan was dat die hele navorsingsprogram hom met hospitaalgeriewe vir die Bantoe sou besig hou, maar namate die werk gevorder het, het dit duidelik geword dat die konsep van 'n rasonale benadering van die beplanning en die ontwerpbeginsels wat uit die studiewerk afgelei is met ewe veel reg op hospitaalgeriewe vir enige ander rassegroep toegepas sou kan word. 'n Belangrike ontwikkeling was die versoek van die Transvaalse Provinsiale Administrasie om hulpverlening by die beplanning van die voorgestelde hospitaal vir blankes op Carltonville. Hierdie hulp word verleen in oorleg met die argitekte aan wie die bouwerk opgedra is, sodat die meeste voordeel uit die navorsingsbevindings van die vroegste planstadium af getrek kan word.

Omdat hierdie probleem so besonder dringend was, is ook 'n begin gemaak met die ontleding van die vereistes wat beplanning betref vir hospitale vir sielsieke Bantoes.

Geboue vir
tegniese opleiding

Na skatting sal die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gedurende die volgende tien jaar meer tegniese as alle ander soorte skole—handels-, industriële en spesiale hoërskole—bymekaar, bou. 'n Nuwe projek, deur die Departement ondersteun, is derhalwe aangepak om die beplanning van tegniese

more effective control are in progress. Several important sponsored investigations for public authorities were carried out in this field.

The attack on concrete and mortars by aggressive agencies such as sulphates in water or in the soil and soft water has been intensively investigated and recommendations to reduce or control such attack have been made in response to numerous enquiries. A paper on this work was presented to the fourth International Symposium on the Chemistry of Cement.

Work on housing during this year was concentrated on the special problems of housing for the Coloured communities and housing for aged Europeans. This work is being sponsored by the National Housing Commission. An extensive socio-economic survey to assess the housing requirements of Coloureds was carried out in selected areas of the Western Cape Province by the National Institute for Personnel Research. Using this information, a number of house plans were developed by the National Building Research Institute in order to meet all the important requirements at the lowest cost. Construction of a number of experimental houses was started in order to test the validity of the plans, and also to establish the feasibility of possible types of construction, particularly regarding walls, floors and ceilings. Parallel with this work, assistance was given to various municipalities in the layout and design of urgently needed housing schemes for Coloureds.

Housing for
Coloureds

Research on the design of hospital buildings, sponsored by the four Provincial Administrations and the Department of Health, included special studies on central sterile supply, central infant feeding, the X-ray department, and operating theatres.

Hospital research

Originally, the whole research programme was intended to relate to hospitalization for the Bantu but, as the work progressed, it became clear that the concept of a rational approach to planning and the principles of design which evolved from the studies, could validly be applied to hospitalization for any racial group. An important development was the request from the Transvaal Provincial Administration for assistance in planning the proposed European hospital at Carltonville. This assistance is being provided in consultation with the architects who were commissioned for the building, so that the greatest benefit can be obtained from research findings from the very early stages in planning.

Because of the special urgency of this problem, analytical work was also undertaken on the planning requirements of mental hospitals for the Bantu.

It has been estimated that over the next ten years the Department of Education, Arts and Science, will build more Technical Schools than schools of all other types added together—such as Commercial, Industrial, and Special High Schools. A new project, sponsored by the Department, was therefore undertaken to investigate the planning of Technical Colleges and Schools, with particular reference to efficient functional design to suit educational

Buildings for
technical training

kolleges en skole te ondersoek, veral met betrekking tot doeltreffende funksionele ontwerp om by onderwysmetodes en klimaat aan te pas, en ook tot die verskaffing van geboue teen 'n redelike prys. 'n Voorlopige ondersoek het aan die lig gebring dat meer as die helfte van die oppervlakte van bestaande skole vir die werkwinkels gebruik word en dat ook meer as die helfte van die uitgawes vir hul rekening gaan. Gevolglik word die aanvanklike navorsing toegespits op die ruimte vir die verskillende soorte werkwinkels vir opleiding in die verskillende ambagte vereis.

Klimatologie in die boukunde

Studies in die verlede i.v.m. probleme verbonde aan die funksionele ontwerp van geboue in verhouding tot hul plaaslike fisiese omgewing, het tot die gevolgtrekking gelei dat dit, om hierdie werk voort te sit, nodig sou wees om 'n groot aantal klimaatsparameters te meet oor 'n tydperk van minstens 5 jaar, en ook om die toestand binne-in proefhuise in dieselfde buurt te meet. Op hierdie manier sou dit moontlik wees om die verhouding tussen binne- en buitetoestande te bepaal vir gebruik by ontwerpwerk met die oog op ventilering, dagverligting en warmtegerief. Op hierdie manier sou ook metodes uitgewerk kan word vir die ontleding en weergawe van klimatologiese gegewens in 'n vorm wat geskik sou wees vir gebruik deur argitekte. Vir hierdie doel is daar 'n meteorologiese pos en 'n paar proefgeboue op die Scientia-terrein opgerig en toepaslik ingerig. Spesiale instrumente is vir hierdie projek ontwikkel; 'n opmerkenswaardige kenmerk is dat alle metings outomaties en regstreeks gekodeer en op ponsband gedruk word wat in die W.N.N.R. se elektroniese rekenoutomaat verwerk kan word. Sodoende kan 'n menigte metings vinnig ontleed word en word die presiese gegewens in 'n geskikte vorm verkry. Sekere oorsese meteorologiese dienste het heelwat belangstelling vir hierdie instrumentasieselsel aan die dag gelê.

Bou-ekonomie

Studies i.v.m. bou-ekonomie het hoofsaaklik die versameling en ontleding van gegewens oor belegging in die boubedryf in Suid-Afrika en die uitgawes in verband daarmee, oor die afgelope paar jaar, gedek. Hulle het o.a. 'n ontleding van die hoeveelhede en waarde van geïmporteerde materiale en dele omvat. Die hoofdoel van hierdie studies is om 'n agtergrond van feite beskikbaar te stel vir die bou- en konstruksiebedryf as 'n hulpmiddel vir die beplanning en beoordeling van die navorsingswerk van die Nasionale Bounavorsingsinstituut op hierdie gebied, en ten slotte, die doeltreffende toepassing van die resultate van hierdie werk.

Paaie Padveiligheid

Om meer besonderhede omtrent die Republiek se padongelukkebeeld te verkry, is dit nodig om oor inligting te beskik betreffende die verband waarin die blootstellingsrisiko staan met die jaarlikse mylafstand deur die verskillende kategorieë motorbestuurders en ook die mylafstande jaarliks deur verskillende soorte voertuie afgelê. Aangesien hierdie soort statistiese inligtings nie uit normale bronne verkry kan word nie, word 'n poging aangewend om hulle deur middel van 'n vraelys (antwoord betaal) aan voertuigeienaars gerig, in te win.

Die eerste deel van hierdie vraelys handel oor die mylafstande gedurende die afgelope twaalf maande deur die voertuig in stedelike en plattelandse gebiede afgelê. Die tweede deel betref die bestuurder van die voertuig; besonderhede word daarin gevra omtrent ouderdom, geslag, ras, beroep, normale woonplek, jaar waarin rybewys uitgereik is, mylafstand as bestuurder van verskillende soorte voertuie afgelê en die aantal ongelukke waarin betrokke.

methods and the climate, and also to providing buildings at a reasonable cost. A preliminary investigation showed that over half the area of existing schools is utilized for the workshops, which also account for over half the cost. Consequently, the initial research is being devoted to space requirements for the various types of workshops needed for training in the different trades.

Past studies on problems of the functional design of buildings in relation to local physical environment lead to the conclusion that for further progress in this work it would be necessary to measure a large number of climatic parameters over a period of 5 years or more, and also to measure the indoor conditions in experimental structures in the same vicinity. In this way it would be possible to establish relationships between indoor and outdoor conditions for use in design for ventilation, day-lighting and thermal comfort. Methods of analyzing and presenting climatological data in a form suitable for use by building designers could also be determined in this way. With these objects in view, a meteorological station and some experimental buildings were erected at Scientia and suitably equipped. Special instrumentation was developed for this project; a noteworthy feature is that all measurements are automatically and directly coded and impressed on punch tape which can be used in the C.S.I.R.'s electronic computer. In this way the numerous measurements made can be rapidly analyzed in order to provide the precise data required in an appropriate form. Considerable interest in this system of instrumentation has been shown by certain overseas meteorological services.

Building
climatology

Studies in building economics were mainly concerned with the collection and analysis of data on investment in, and expenditure on, the building industry in South Africa during recent years. They included an analysis of the quantities and values of materials and components imported into the Union. The primary object of these studies is to provide a factual background for the building and construction industry, as an aid both to the planning and assessment of the National Research Institute's research activities in this field, and to the effective implementation of the results of these activities.

Building economics

To obtain more detail in the Union's road accident picture, it is necessary to have information on the exposure risk in terms of annual mileages travelled by different classes of drivers, and also on mileages covered annually by different classes of vehicles. As this type of statistical information is not available from the normal sources, an attempt is being made to obtain it by a reply-paid questionnaire to vehicle owners.

Roads
Road safety

The first part of this questionnaire concerns the mileages covered by the vehicle in urban and rural areas during the past twelve months. The second part concerns the driver of the vehicle; it asks for information on age, sex, race, occupation, normal place of residence, year of issue of driver's licence, mileages covered as driver of different classes of vehicles, and number of accidents involved.

All vehicle owners registered in the Pretoria Licensing area have been

Vir die eerste opname is alle geregistreerde voertuigeienaars in die Pretoriase lisensiegebied gekies, en 73,000 vraelyste is aan hulle gepos. As die resultate van hierdie opname gunstig is, is dit die plan om dit tot ander groot stede uit te brei en so 'n beeld vir die hele Republiek te verkry.

Tegnologie van die aanbring van bitumineuse bolae

'n Nuwe kenmerk van die werksaamhede van die onderafdeling Bitumineuse Materiale gedurende die afgelope jaar, was die instelling van 'n onderrigkursus vir ingenieurs oor bitumens, teer en bitumineuse padbolae. Twee kursusse wat in die winter van 1960 gegee is, is deur ongeveer 70 ingenieurs bygewoon. Die kursus duur een week en omvat lesings, demonstrasies en besoeke aan proefpaaie. Die welslae met hierdie eerste twee kursusse behaal, skyn daarop te dui dat die instituut elke jaar so'n kursus sal reël.

Die ontwerp van bolae op pasaangelegde paaie

Die eerste groot volkskaalse padproefneming om veelvoudige verseëling vir die oppervlak van 'n nuwe pad te ondersoek, is op 'n gedeelte van die nasionale pad naby Standerton uitgevoer. 'n Tweede, soortgelyke proefneming om dieselfde metodes in 'n gebied met 'n ander klimaat te ondersoek, is op 'n gedeelte van die nasionale pad ten noorde van Malmesbury, Kaap, uitgevoer. Hopelik sal uit hierdie stukke proefpad nadat daar 'n paar jaar verkeer oor hulle gegaan het, waardevolle inligting afgelei kan word oor die gedrag, duur en koste van verskillende soorte bolae, en sal hulle van nut wees by die opstel van standaard-spesifikasies vir nuwe padbolae.

Spesiale padfondamentprobleme

Twee bepaalde werksaamhede i.v.m. padfondamente het spesiale ondersoekwerk vereis wat in samewerking met die Provinsiale Administrasies uitgevoer is. Die vraag hoe die sterkte van 'n bestaande padfondament bereken kan word, het gedurende die jaar ontstaan toe die Oranje-Vrystaatse Administrasie aan die Instituut gevra het of verskeie baie groot ondeelbare laste oor bestaande paaie vervoer kan word sonder gevaar dat die padfondamente daardeur beskadig sal word. 'n Ondersoek ter plaatse is gedoen en 'n verslag oor die algemene vraagstuk van die uitwerking van oorbelasting is aan die Administrasie gestuur.

In Natal is uitgebreide ondersoekings gedoen om die oorsaak van barsvorming in groot stukke van die hoofpad tussen Durban en Pietermaritzburg te probeer vasstel. Die onderhoud van hierdie pad het 'n dringende probleem geword en dit sal waarskynlik 'n aansienlike bedrag kos om die moeilikheid te oorwin. Hoewel die ondersoekings nog nie klaar is nie, is 'n voorlopige verslag oor die oorsaak van die barsvorming reeds ingedien. Verskillende behandelings om die gebrek te herstel is toegepas op 'n paar proefstukke van die pad wat voortdurend dopgehou word.

Raad is ook gegee i.v.m. die ontwerp vir 'n ander pad in dieselfde gebied om te verseker dat dieselfde soort gebrek nie weer voor sal kom nie.

Oorstromings- en spoelsteuringsmeter vir brûe

Op versoek van die Natalse Provinsiale Administrasie is 'n outomatiese meter wat met 'n battery werk, en waarmee oorstromings- en spoelsteuringshoogtes gemeet kan word, vir hulle ontwerp en gebou. Dit het gevolg op die nuttige resultate deur die Instituut verkry by sy ondersoekings i.v.m. die spoelsteuringdiepte rondom brugcaissons en walle, gedurende die ernstige oorstromings in Mei 1959. Die eerste meter is nou by die Toegelarivierbrug in Natal geïnstalleer en sal outomaties begin registreer sodra die water 'n sekere hoogte

selected for the first survey, and 73,000 questionnaires have been posted to them. If the results from this survey are satisfactory, the intention is to extend it to other large centres, so as to build up a picture for the whole Republic.

A new feature of the Bituminous Materials Division's activities in the past year has been the inauguration of a course of instruction for engineers on the subject of bitumens, tars and bituminous road surfacings. Two courses were given in the winter of 1960, which were attended by nearly 70 engineers. The course lasts one week and comprises lectures, demonstrations and visits to road experiments. From the success of these first two courses it is clear that they will become an annual feature of the Institute's work.

Bituminous
surfacing
technology

The first major full-scale road experiment to investigate multiple sealing for surfacing on new construction was carried out on a portion of the national road near Standerton. A second, similar experiment to investigate the same methods in another climatic area was conducted on a section of the national road north of Malmesbury, Cape. It is hoped that, after some years under traffic, these experimental sections will give valuable information on the performance, life and cost of surfacings of various types, and help with the drawing up of standard specifications for new road surfacings.

The design of
surfacing on newly
constructed roads

Two particular activities concerning road foundations have entailed special investigations carried out in collaboration with Provincial Administrations. The problem of estimating the strength of an existing road foundation came to the fore during the past year, when the Orange Free State Administration asked for advice on whether several excessive indivisible loads could be transported over existing roads without fear of damage to the road foundations. A site investigation was made and a report on the general problem of the effects of overloading was submitted.

Special road
foundation problems

In Natal, extensive investigations were made to find the cause of the widespread cracking of the Durban-Pietermaritzburg main road. The problem of maintenance measures for this road has become very urgent and considerable expenditure may be required to remedy the trouble. Although the investigation is not yet complete, a preliminary report on the cause of the cracking has been submitted. Different remedial treatments have been applied to a few trial lengths of road and these are under observation.

Advice has also been given on the design of the foundation for another road in the same area to ensure that a repetition of the same type of failure will not occur.

At the request of the Natal Provincial Administration an automatic battery-powered flood and scour level recorder was designed and built for them. This follows the useful results obtained by the Institute in the investigations into scour depth around bridge caissons and embankments in the severe flood of May, 1959. The first recorder has now been installed at the new Tugela River Bridge in Natal and will automatically come into operation when the water level reaches a predetermined height. It is hoped that similar recorders will

Flood and scour
recorder for
bridges

bereik. Hopelik sal dergelike meters ook by ander brûe aangebring word en waardevolle gegewens oor 'n tydperk van verskeie jare versamel kan word, wat in die toekoms weer van nut sal wees by die ontwerp van fundamente vir ander brûe oor riviere waarvan verwag kan word dat hulle partykeer sterk sal afkom.

Water
Rivieropnames

Fundamentele navorsing i.v.m. die biochemie van rioolvuil, riooluitvloeiensels en afsaksels op die bodem van riviere en damme, wat deur die Nasionale Instituut vir Waternavorsing aangepak is, is daarop gemik om rioolvuil- en selfsuiweringsprosesse beter te leer verstaan; 'n beter begrip sal tot meer ekonomiese gebruik van Suid-Afrikaanse watervoorrade lei.

Metodes en tegnieke word uitgewerk om die afsaksels op die bodem van riviere en damme te klassifiseer uit die oogpunt van algemene chemie en veral van kolloidale chemie. Klassifikasietegnieke is op die proef gestel op 'n aantal moddersoorte met die oog op aanvulling van die chemiese en fisiese gegewens vir die basiese beoordeling wat sulke modders vereis. So 'n klassifikasie moet rivierskeikunde in die algemeen en selfsuiwering van strome in die besonder weergee.

Metodes vir die beoordeling van die ekologiese betekenis van bakterieë in riviere word bestudeer en ontwikkel. Dit sal ons 'n beter begrip gee van riviere in hul natuurlike toestand en van die invloed van eksterne faktore op daardie toestand soos bv. organiese besoedeling.

Hydrobiologie

'n Nuwe projek, wat gesamentlik deur die Departement Natuurbewaring (van die Transvaalse Provinsiale Administrasie) en die Nasionale Instituut vir Waternavorsing uitgevoer word, vereis bestudering in die laboratorium van die invloed van omgewingsfaktore (soos bv. temperatuurruiterstes, opgeloste suurstof, pH en stroomsnelheid) op die voortbestaan van visse en ander waterdiere. Werk wat gedoen word, sal die gegewens verskaf wat nodig is om proewe uit te werk vir die beoordeling van die uitwerking van die wisselwerking tussen hierdie faktore en besoedelingstowwe op die dierelewe in riviere.

Afvoer van
afvalwater
in die see

Veldtoetse met verskillende soorte speurders het bemoedigende resultate van kwalitatiewe aard opgelewer by die beoordeling van stromings in die brandersone. Daar word nou getrag om die vloeiensnelheid van hierdie stromings, sowel as hul verspreidings- en verdunningsfaktore ten opsigte van ontlastings in die brandersone, kwantitatief te bepaal.

Die Waterwet

By die toepassing van die Waterwet word rivieropnames deur die Nasionale Instituut vir Waternavorsing gedoen om basiese gegewens te versamel waarop spesifikasies vir afvalwater gebaseer kan word. Gedurende die jaar is hierdie opnames aansienlik uitgebrei. Dit was moontlik weens verbetering van die personeelposisie. Die verbetering sal egter slegs tydelike verligting bring aangesien die hoeveelheid werk steeds toeneem. Daar was sewe Reëlingskomitees wat adviesdienste in verband met afvalwaterprobleme aan verskillende nywerhede verleen het.

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde het baie werk vir die Departement Waterwese gedoen wat betref aanbevelings vir kwaliteitstandaarde vir afvalwater van die nywerhede.

be installed at other bridges and that useful data will be accumulated over a period of several years to assist in the design of foundations for future bridges over rivers liable to occasional excessive flooding.

Fundamental research into the bio-chemistry of sewage, sewage effluents and bottom deposits of rivers and dams, which has been initiated by the National Institute for Water Research, is aimed at a better understanding of sewage and self-purification processes; this in turn will result in better economy of South African water supplies.

Water
River surveys

Methods and techniques are being developed to classify bottom deposits of rivers and dams from a colloid chemical and otherwise fundamental chemical point of view. Classification techniques were tried out on a number of muds in order to supplement chemical and physical data required for the basic assessment of such muds. Such a classification is required to interpret river chemistry in general and self-purification of streams in particular.

Methods of assessing the ecological significance of bacteria in rivers are being studied and developed. This will afford us a better understanding of rivers under their natural conditions and of how such conditions are influenced by external factors, like organic pollution.

A new project, conducted jointly by the Department of Nature Conservation (of the Transvaal Provincial Administration) and the National Institute for Water Research, involves laboratory studies on the influence of environmental factors (such as extremes of temperature, dissolved oxygen, pH and current velocity) on the survival of fish and other aquatic animals. Work which is in progress will provide the data necessary for developing experiments to assess the effects of the interaction of these factors and polluting substances on the fauna of rivers.

Hydrobiology

Field tests with various tracers have yielded encouraging results of a qualitative nature in assessing currents within the surf zone. Work is proceeding to assess quantitatively the rate of flow of these currents, and the dispersion and dilution factors afforded by these currents with effect on discharges into the surf zone.

Marine disposal
of effluents

In implementation of the Water Act, river surveys are undertaken by the National Institute for Water Research to provide basic information on which specifications for effluents can be based. During the year these surveys were considerably extended. This was possible because of an improvement in the staff position. The improvement will however bring temporary relief only, as the volume of work is continuously increasing. There were seven Steering Committees for advisory services to various industries on effluent problems.

Water Act

The South African Bureau of Standards has done extensive work for the Department of Water Affairs in connection with recommendations for standards of quality for industrial effluents.

Verwerking van
munisipale afval
tot kompos

Ondersoekings i.v.m. die biologiese verwerking van munisipale afval in 'n grootskaalse gemeganiseerde installasie vir die produksie van kompos, is amper voltooi. Die W.N.N.R. het 'n lisensie aan 'n ingenieursfirma verleen om installasies te maak waarin die hoofkenmerke van die proefinstallasie ingebou is. Die Johannesburgse Stadsraad het op hul geneem om te ondersoek of dit lonend sal wees om verkoopbare voorwerpe uit afval te red; die Durbanse stadsraad het hom bereid verklaar om die ontwatering van rioolslyk te ondersoek omdat dit 'n uiters belangrike faktor in munisipale komposbereiding is; en die Departement Landboutegniese Dienste het veldtoetse i.v.m. die eindproduk gedoen. Al bogenoemde fasette is in een omvattende program gekoördineer.

Voeding
Opnames i.v.m. die
voedingstatus van
die bevolking

Die beskikbare feite omtrent die voedingstatus van die bevolking van Suid-Afrika is baie onvolledig. Doeltreffende voedingsprogramme moet op grondige wetenskaplike kennis van die voedingstatus van die verskillende rasse-, ouderdoms- en geslagsgroepe gebaseer wees.

'n Volledige opname van die voedingstatus moet die volgende omvat: bestudering van die voedselgewoontes en die inname van verskillende voedingstowwe, 'n kliniese ondersoek, bepaling van die gehalte aan sekere stowwe in die bloed en die urine, besonderhede van lengte, gewig en sekere ander liggaamsmate, en indien nodig geag, ook 'n röntgenondersoek van die mate van vervanging van polskraakbeen deur been by die jonger leeftydsgroepe. Die Nasionale Voedingnavorsingsinstituut het heelwat aandag bestee aan die beoordeling en standaardisering van die metodes waarvolgens hierdie opnames geskied. Verskeie opnames is reeds gedoen, bv. in plattelandse Bantoegebiede in die Westelike Transvaal, in 'n stedelike Bantoelekasie en onder blanke skoolkinders in Pretoria. Bowendien is besonderhede van die lengte en gewig van ongeveer 600 kleuterskoolkinders in Pretoria versamel.

Hierdie opnames sal uiteindelik gegewens verskaf waarop gegronde aanbevelings vir die verbetering van die voedingstatus van die verskillende bevolkingsgroepe gebaseer sal kan word.

Kliniese navorsing

Gedurende die afgelope jaar is die navorsing i.v.m. die voedingsiekte Kwashiorkor voortgesit. Die N.V.N.I. se ondersoekings het hoofsaaklik in verband gestaan met die voorkoming van die siekte en die verlaging van die betreklik hoë sterftesyfer in die akute stadium.

Voedselnavorsing

Die N.V.N.I. het sy ondersoekwerk i.v.m. die verskillende aspekte van Suid-Afrikaanse voedsels voortgesit. Aangesien mielies verreweg die belangrikste voedselsoort is wat in Suid-Afrika geëet word, speel dit natuurlik 'n verneme rol by die ondersoekings.

Werk i.v.m. die gehalte aan voedingstowwe in die verskillende voedsels is voortgesit en het 'n uitgebreide ondersoek namens die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid ingesluit om die betreklike waarde van die verskillende standaardgrade mieliemeel as voedsel vir menslike gebruik te bepaal. Aandag is bestee aan 'n studie van die metodes vir die beoordeling van die mikrobiologiese toestand van stapelgraanvoedsels, en veral mielies. Daar is goed gevorder met die bestudering van geskikte versuringsprosesse vir die industriële produksie van die tradisionele Bantoe drank wat van mielies of kaffer koring gemaak word.


Investigations into the biological processing of municipal wastes in a large-scale mechanized plant, to produce compost, are nearing completion. An engineering firm has been granted a licence by the C.S.I.R. to manufacture plants embodying the main features of the pilot plant. The Johannesburg City Council undertook to study the economics of salvaging marketable items from refuse; Durban City Council agreed to investigate sewage sludge dewatering, which is an extremely important factor in municipal composting; and the Department of Agricultural Technical Services conducted field tests on the final product. All the afore-mentioned facets were fully co-ordinated in one comprehensive programme.

Composting of municipal waste

The available data on the nutritional status of the population of South Africa are very incomplete. Effective nutrition programmes must be based on sound scientific knowledge of the nutritional status of the various racial, age, and sex groups.

Nutrition
Surveys of the nutritional status of the population

A complete nutritional status survey consists of study of the food habits and the intake of various nutrients, a clinical examination, determination of the levels of certain substances in the blood and urine, survey of heights and weights and of various other body measurements, and may also include an X-ray investigation of the rate of ossification of the carpal bones in the younger age groups. The National Nutrition Research Institute has devoted considerable attention to the evaluation and standardization of the methods of carrying out these surveys. Several surveys have already been conducted, for example in rural Bantu areas in the Western Transvaal, in an urban Bantu location and among European school children in Pretoria. In addition, an investigation of the heights and weights of approximately 600 nursery school children in Pretoria has been carried out.



Die liggaamsmate van kinders word deur N.V.N.I. bepaal.

Body measurement of children being taken by the N.N.R.I.

Beoordeling van die voedingswaarde van voedsel

Die werk i.v.m. die beoordeling van die voedingswaarde van voedsels met gebruikmaking van laboratoriumdiere, is voortgesit. Daar is getrag om die metode vir die bepaling van die proteïenwaarde van voedsels verder te vereenvoudig, met die oog op die gebruik daarvan by die soektog na beter bronne van goedkoop voedselproteïene vir nie-blanke kinders in Suid-Afrika.

'n Paar jaar gelede is heelwat werk gedoen om die waarde van reukloos gemaakte vismeel (vismeelblom) as 'n proteïensupplement te bepaal. Gedurende die afgelope jaar is aandag bestee aan die waarde van vismeelblom as 'n bron van minerale. Hierdie werk het aan die lig gebring dat die mengsel van minerale wat in sekere soorte vismeelblom aanwesig is, nie voldoende is om „normale” groei by jong rotte teweeg te bring of om hulle gesond te hou nie. Byvoeging van kalium by die vismeelblomminerale het tot 'n duidelike verbetering in die groeiselheid en die gesondheidstoestand gelei.

Diagnose van stofwisselingsveranderinge waarmee hartdegenerasiekwale in verband staan

Koronêre trombose is die vernaamste oorsaak van sterfgevallen onder middeljarige en bejaarde blanke mans in Suid-Afrika, en die vroeë diagnose van die bestaan van veranderinge in die stofwisseling wat tot 'n te vroeë hartaanval lei, vorm nog altyd een van die moeilikste vraagstukke vir die geneesheer.

Die hoë lewenstandaard in Suid-Afrika en sekere ander lande, gekenmerk deur 'n oorfloed van voedsel en die neiging om te veel te eet, skyn 'n taamlike groot faktor te wees in die veroorsaking van versteurde stofwisseling. Dit is byvoorbeeld bekend dat 'n normale koolhidraatmetabolisme onontbeerlik vir normale vetmetabolisme is en dat stuiting van eersgenoemde tot 'n hoë gehalte aan vet in die bloed lei.

Die koolhidraat- en vetmetabolisme van verskillende groepe mense in Suid-Afrika is deur die N.V.N.I. bestuurder om die mate van verandering wat in hul stofwisselingsprosesse mag plaasvind, te beoordeel. Daar is bevind dat die koolhidraat- en vetmetabolisme van omtrent 30 persent van die klinies normale blanke mans van oor die 30 jaar wat bestudeer is, abnormaal was. By 'n ooreenstemmende Bantogroep en by blanke mans en vrouens onder die 30 jaar was daar geen teken van dié abnormaliteit nie. 'n Ontwrigte koolhidraat- en vetmetabolisme is by elkeen van verskeie mense wat reeds 'n aanval van koronêre trombose gehad het, aangetref.

Personeel Keuring van arbeidskragte

Die dienste van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing dek tans 'n wye psigologiese en territoriale veld. Hierdie jaar veral was gekenmerk deur aansienlike uitbreiding van die personeelkeuring vir plaaslike sekondêre nywerhede en die staatsdiens, en van beroepsvoorligting aan die publiek. Die neiging by die keuring van blanke personeel was om meer gebruik van keuringmetodes te maak vir aanstellings in administratiewe en bestuursposte. 'n Belangrike projek is vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens uitgevoer; dit het bestaan in die keuring by die opleidingsentrum in Esselenpark van leerlinge vir die bekleding van administratiewe poste in die toekoms. Die grootste deel van die werk wat gedoen is, was egter vir die kleiner nywerhede in die Unie.

Dienste i.v.m. die gebruikmaking van arbeidskragte

Voorkeur is verleen aan studies i.v.m. taakbeskrywing en taakwaardering. Een van die oogmerke was om 'n meer rasonele, minder subjektiewe grondslag vir taakontleding uit te werk. Daar was egter groot vraag na toegepaste werk.

These surveys will eventually yield data on which sound recommendations for the improvement of the nutritional status of the various population groups can be based.

During the past year further research has been carried out in connection with the nutritional disease known as Kwashiorkor. Investigations by the N.N.R.I. have been concerned mainly with the prevention of the disease and the reduction of the comparatively high mortality rate in the acute stage.

Clinical research

The N.N.R.I. continued its investigations into various aspects of South African foodstuffs. Maize being by far the most important food item consumed in South Africa, it of necessity featured prominently in these investigations.

Work on the nutrient content of foods was continued and included an extensive investigation, on behalf of the Mealie Industry Control Board, to determine the relative value of the various standard grades of mealie meal as human food. Attention was given to a study of methods for the evaluation of the microbiological state of staple cereal foods, particularly maize. Good progress was also made in studies of souring processes suitable for the industrial manufacture of traditional Bantu beverages, which are based on maize or kaffir corn.

Work in the N.N.R.I. continued on assessment of the nutritive value of foods with the aid of laboratory animals. Further investigations were made into simplification of the method for determining the protein value of foods, with a view to using it in the search for better sources of low cost dietary protein for non-European children in South Africa.

Assessment of the nutritive value of foods

In previous years, considerable work was done to evaluate deodorized fish meal (fish flour) as a protein supplement. In the past year attention was paid to the value of fish flour as a source of minerals. This work revealed that the mixture of minerals present in certain fish flours is unable to support "normal" growth and health in the young rat. Supplementation of the fish flour minerals with potassium led to a marked improvement in growth rate and state of health.

Coronary thrombosis is the number one killer of middle-aged and elderly European men in South Africa, but it is still a major problem for the physician to diagnose in time the existence of the metabolic changes that lead to a premature heart attack.

Diagnosis of metabolic changes associated with degenerative heart disease

There is much to suggest that the high standard of living in South Africa and certain other countries, with the accompanying abundance of food and tendency to over-eating, may lead to such a disturbance of metabolism. It is for instance known that a normal carbohydrate metabolism is essential for normal fat metabolism, and an inhibition of carbohydrate metabolism may lead to high lipid levels in the blood.

